**Bylae C**

Geagte Prinsipaal

**AANVAARDINGSVORM VAN OUER: NAKOMING VAN VOORWAARDES VIR DIE VRYSKELDING VAN VERPLIGTE SKOOLBYWONING**

Ek, _____ **(ouer/voog se naam)**,

ouer/voog van _____ **(leerder se naam)**

van _____ **(skool se naam)** aanvaar hiermee die voorwaardes vir die vryskelding van verpligte skoolbywoning binne die afsienbare tyd.

Hierdie voorwaardes sluit in:

1. Dat ek aanvaar en instem dat ek verantwoordelikheid sal aanvaar vir die toesig van my kind se leer tuis, wat insluit:
   a) die skep van 'n omgewing wat bevorderlik is vir my kind om tuis te leer;
   b) die aanvaarding van die verantwoordelikheid om daagliks toesig te hou oor die leer van my kind tuis, ingeslote die daaglikse werk en assesserings;
   c) die aanvaarding van die verantwoordelikheid om toe te sien dat my kind ingelig is oor watter werk geleer moet word en watter werk daagliks afgehandel moet word; en
   d) die versekering dat alle werk en werkopdragte by die skool afgehaal en afgelewer word, soos vereis deur en ooreengestem met die skool.
2. Dat ek aanvaar dat as die bogenoemde voorwaardes nie nagekom word nie, die vryskelding van verpligte skoolbywoning opgehef kan word.
3. Dat ek aanvaar dat wanneer die toegewing beëindig word, my kind moet terugkeer skool toe. As my kind of die leerder dan langer as 10 dae sonder 'n geldige rede van die skool afwesig is, sal die leerder se registrasie ingetrek word.

Ek erken dat aangesien my kind steeds 'n ingeskrewe leerder van die skool is en gereelde insette en ondersteuning van hulle onderwysers ontvang, ek, as ouer/voog, verantwoordelik bly vir die voortgesette betaling van skoolgeld.

Ek verstaan dat, indien ek nie in staat is om hierdie voorwaardes en verantwoordelikhede te aanvaar nie, my kind moet voortgaan om skool by te woon.

**Handtekening:** _____

**Datum:** _____